430. E3.9.1



# DIE KIESSTELSEL EN POLITIEKE VERANDERING IN SUID AFRIKA

Die Grondwet van Suid Afrika is 'n klassieke liberal - demokratiese een. Dit is gebasseer gegrond op die beginsel van wigte en teenwigte, wat die misbruik van mag deur 'n individu en/of politieke groep voorkom. So byvoorbeeld moet die Presidensie verantwoordbaar wees teenoor die Kabinet, die Kabinet as uitvoerende gesag teenoor die Parlement as wetgewende gesag en wederom, en die Wetgewende Gesag teenoor Administratiewe gesag (met ander woorde Plaaslike Owerhede, burokratiese instellings ensomeer). Hierdie verteenwoordiging van instellings, waartussen 'n wedersydse houding van wigte en teenwigte is, word versterk deur onafhankelike instellings wat die reg het om die optrede van al bogenoemde instellings te meet aan hoe hulle voldoen aan die voorskrifte van die Grondwet. Dit is die sogenaamde Hoofstuk 9 instellings, byvoorbeeld die Grondwetlike Hof, die Onafhanklike Regsbank, die Menseregtekommissie, ensovoorts.

Ons kan mekaar skeeloog praat oor die meriete of gebrek daaraan van verskillende politieke sisteme. Die rede vir hierdie paar tegniese inleidende opmerkings is om die vraag te oorweeg: hoe verskil wat ons nou het van wat ons gehad het, en hoe raak dit die gewone burger? Voorheen, in die Apartheidsjare, het ons 'n stelsel van onderdrukking gehad (Apartheid) teenoor 'n stelsel van weerstand (die Bevryding), met ander woorde Apartheid teen Bevryding. Vraag is: Wat was die situasie met die gewone burger? Aan die Apartheidskant was daar 'n rasgebaseeerde kiesafdelingstelsel. Aan Bevrydingskant populistiese mobilisasie.

Oornag kom die verteenwoordigers van die twee kante byeen en beding 'n klassieke liberale demokrasie. Wat is nou die posiesie van die gewone burger? Dié

kan met verkiesingstyd deelneem aan die kies van 'n party wat moet regeer. Dit was die aanvanklike posisie terwyl die finale grondwet goedgekeur word deur die Grondwetlike Hof. In 1994 het Suid Afrika die eerste nie-rassige verkiesing ,wat 'n oorgangsregering moes kies wat sal regeer totdat die finale grondwet gefinaliseer word, gehou. Toe die Grondwetlike Hof moes kyk na die klousules oor 'n toekomstige kiesstelsel, stel hulle voor dat die oorgangsstelsel moet bly totdat die finale kiesstelsel gefinaliseer kan word vir die 1999 verkiesing (die eerste een onder die finale grondwet).

Daardie voorwaardelike kiesstelsel is nou nog die amptelike een. Dit behels 'n stelsel van proporsionele stemreg op 'n geslote basis (met ander woorde die partybase besluit wie kom op die lys van mense wat Parlement toe moet gaan.) Daar is geen kiesafdelings en geen verteenwoordiger wat deur kiesers tot verantwoording geroep kan word tussen verkiesings nie. Die gemiddelde kieser weet letterlik nie wie sy of haar LV is nie. Die ANC het hierdie tekortkoming probeer die hoof te bied deur post-eleksie LV's toe te wys aan kiesafdelingstreke. Maar hierdie streke het gaan wetlike basis nie en die LV kan redelik maklik so 'n kiesafdeling verwaarloos.

Hierdie stelsel van geslote proporsionele verteenwoordiging word toe later gekombineer met 'n stelsel van vloeroorstappery waar 'n LV sy/haar lidmaatskap kan opsê vir 'n ander party. Dit word 'n totale 'n ondemokratiese gedrog.

Daar word tans gepraat van die afskaffing van oorstappery (of vloerkruising), maar daar is geen voorneme om die hele kiesstelsel te heroorweeg nie. Dit nadat die Grondwetlike Hof 20 jaar gelede gesê het dit is 'n voorwaardelike tydelike stelsel en moet later deur 'n Parlementêre Komitee herondersoek word. Ek was die Voorsitter van so 'n taakspan.

Die mees algemene klagte wat ons in ons getuienisopname teëgekom het, was die magteloosheid van die gemiddelde kieser om 'n LV tot verantwoording te roep. "Ons behoort net aan 'n party, nie aan 'n Parlement nie." "Wie kan ons tot verantwoording roep vir wat hier by ons plek gebeur?" (Die gebrek aan behuising, water, elektrisieteit, bevredigende skole ens.)

Die Taakspan het voorgestel dat daar 'n kiesafdelingstelsel met veelparty-lidmaatskap moet wees vir om en by 2/3 van LV's: met ander woorde die land word verdeel in om en by 70 kiesafdelings deur die gebruik van Provinsiale en Plaaslike owerheidsgrense en elke kiesafdeling moet nie minder as 3 (drie) en nie meer as 7 (sewe) LV's kies vir die Parlament. Daardie LV's is verantwoordbaar teenoor die kiesafdeling. Die ander 1/3 lede kan op gewone proporsionele basis spesiale belangegroep soos vroue, gestremdes ensovoorts verteenwoordig.

Die Kabinet het met 'n beleefde kuggie ons verslag erken en dit toe op 'n rak gesit waar dit nou nog stof optel. Hulle sou "later daarna kyk". Ons wag! Die sentrale vraag is: Wat staan die gewone kieser te doen as dinge verkeerd loop? Ons het reeds by Khutsong en ander plekke, populistiese opstande en geweld gesien. Watter tipes protes is beskikbaar in tye van dramatiese ekonomiese insinking, kragonderbrekings, disintegrasie van gesondheids, onderwysdienste, behuisings ensovoorts? Protes, ja, maar watter soort protes? Deur van LV's ontslae te raak? Hoe? Deur die President voor stok te bring? Hoe? Deur die Parlement te mobiliseer om die uitvoerende gesag te konfronteer oor oorsentralisasie? Hoe? Die Zuma versus Thabo sage is by uitstek ook 'n protesmobilsering buite die Parlementêre politiek om ontevredenes te betrek met vreedsame protes. Maar hoe lank kan dit duur?

Ons kan baie dankbaar wees dat ons grootliks 'n apolitiese veiligheidsisteem het wat nie deur een politieke baas beheer word nie. Dink aan wat gebeur het

tydens die oormag van 'n Nasionale Veiligheidsisteem onder N.P. bewind. Wat het toe met politieke opstandiges gebeur?

'n Diepgaande weerkyk na ons kiesstelsel is nodig as moontlike onrus en ontevredenheid in die nabye toekoms Demokraties die hoof will gebied gaan word. Dit was bemoedigend dat die leierskapstryd binne die ANC hoofsaaklik demokraties besleg is deur die betrokkenheid van party takke en spesiale belangegroepe soos die SAKP en COSATU. Maar hoekom kan dieselfde beginsel nie beslag kry in ons algemene kiesstelsel nie? Almal is mos nie lede van die ANC nie.

DR F V Z SLABBERT